# DIE SKIETLOOD

224e Uitgawe 15 Maart 2024
saam met Koersvas 224

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

URSINUS SE PROLEGOMENA vervolg: Ursinus se argumente vry vertaal met eie kommentaar in blokkies:

SPESIALE VOORWOORD TEN OPSIGTE VAN DIE KATEGESE

3. WAT IS DIE HOOFMOMENTE VIR ONDERSOEK MET DIE LEERSTUKKE VAN DIE KATEGISMUS?

**Opmerking**: Ursinus wil meer as net die belang van die kategese onderstreep. Hy wil die hoofmomente aandui sodat enige opsteller sistematies te werk kan gaan.

Gelyk-lynig met die leer van die kerk moet die kategetiese materiaal uiteengesit word; berou, bekering en geloof in Christus, dit wil sê die Wet en die Evangelie. Kategetiese materiaal kan met ander woorde in ooreenstemming met die leer van die kerk ingedeel word in Wet en Evangelie.

**Opmerking**: Dit is nie die enigste indeling nie. Ursinus se Dekaloog en Evangelie is eintlik Ou Testament en Nuwe Testament; belofte en vervulling; profesie en vervulling. Dit word ook duidelik in sy verdere verduideliking dat enige sinvolle benadering ingespan kan word.

Dit is nie die inhoud nie, maar die aard van die aanbieding wat verskil. Dit is die verskil tussen vaste spyse en kinderkos. Hebreërs 5:12 *"In verband hiermee het ons baie te sê wat moeilik is om aan julle te verduidelik, aangesien julle so traag is om te leer. Hoewel julle teen hierdie tyd self reeds onderrig behoort te gee, het julle weer nodig dat iemand julle in die grondwaarhede van die woord van God moet onderrig. 'n Mens moet julle met melk voed en nie met vaste kos nie* 1 Korintiërs 3:1-2 " *Broers, ek kon met julle nie praat soos met mense wat hulle deur die Gees van God laat lei nie; ek moes praat soos met wêreldse mense, soos met kindertjies in die geloof in Christus. Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste kos nie, want julle kon dit nog nie verteer nie*."

**Opmerking**: In moderne terme sou ons verwys na sake soos die faseologie van die kind. Die ontwikkelingsvlak van die katkisant moet duidelik in ag geneem word. Nie net in terme van intellektuele ontwikkeling nie, maar kulturele situasie en geletterdheidsvlak (veral by volwassenes) is van belang. Die inhoud bly dieselfde blye Evangelie.

Die inhoud van die kategese is met ander woorde die Dekaloog en die Apostels se geloofsbelydenis - die hoofmomente van die Openbaring. Dit kan genoem word die leer aangaande die geloof en die werke, of selfs die leer aangaande wat geglo moet word en wat gedoen moet word.

**Opmerking**: Ursinus is met ander woorde heel prakties in sy benadering ten opsigte van die vorm van kategese, maar streng toegewyd in terme van die inhoud van die kategese.

Kategese kan ook anders (drie dele) ingedeel word; Die leer aangaande God, die leer aangaande Sy wil en die leer aangaande Sy werke. Dit kom weer neer op Wet en Evangelie.

'n Volgende moontlikheid is om die materiaal onder vyf hoofde te behandel; die Dekaloog (wat onmiddellik deur God self gegee is), Die Apostoliese Geloofsbelydenis, Doop, Nagmaal en Gebed (wat middellik deur Christus se manifestasie aan die mens oorgegee is).Ursinus erken dat daar ander indelings is wat telkens weer neerkom op Wet en Evangelie.

**Opmerking**: Dit is nie die ideologie van die dag, of die morele waardes van die eie tyd wat voorskriftelik is nie, die Woord se waardes en verwagtinge bly in die middelpunt.

Die Heidelbergse Kategismus se indeling van sonde, verlossing en blye dankbaarheid kan ook in die twee-deling van Wet en Evangelie gesien word. Die Dekaloog wys die mens op sy sonde, maar is ook deel van die dankbaarheid wat uitgeleef sal word. Die Apostoliese Belydenis dui op die weg van verlossing en is met ander woorde die Evangelie. Die sakramente skakel by die indeling in as deel van die pad van verlossing. Gebed as deel van dankbaarheid vir die verlossing van die mens, hoort by die derde deel.

**Opmerking**: Ursinus toon hiermee aan dat sy eie indeling Dekaloog en Evangelie genoem kan word. Dit is net 'n bevatlike, sistematiese aanbieding wat voorgestel word.

Volgende keer lees ons verder oor Ursinus se denke rakende die noodsaak van kategese.